# *Lief en Leed*

Kom ons vra die Here om Hom voortdurend oor Jeanette Kalp te ontferm. Sy ervaar groot ongemak en pyn, daar is moontlike hulp wat deur die Hospice gegee sal word.

Elsie Calitz is vol moed en hanteer die chemoterapie met dankbaarheid. Bid steeds vir haar en Chris.

Dawina Zaayman dra haar kruis met geloof. Nadat die bestraling gestaak is, het haar sluk en stembande verbeter.

Johan Nöthling is Maandagaand oorlede. Ons vra asb. die gemeente se gebede vir Elsa en gesin. Die viering van sy lewe vind plaas eerskomende Maandag om 10:00 vm.

Voorbidding word gevra vir alle persone wat in hierdie moeilike tye sonder werk is, of waar die moontlikheid bestaan dat hulle hul werk sal verloor.

Daantjie Roux is gediagnoseer met longkanker. Bid asb. vir hom dat die Here hom sal dra deur ‘n moeilike tyd van sy lewe.

Dave Jacobsz het groot probleme met beide oë. ‘n Finale uitspraak is nog nie deur die dokters gemaak nie. Hy glo en vertrou dat die Here 'n deurbraak sal maak. Ons bid steeds saam met hom.

Hans Goosen het goeie nuus ontvang - die biopsie wat gedoen is was nie kwaadaardig nie.

Sophia Harvey het ‘n heupvervanging ondergaan, nie 'n knievervanging nie, ons bid dat die Here sal gehoor gee vir 'n spoedige herstel.

Ons dra vir Cassie Liebenberg en familie op aan die Here na die afsterwe van sy broer.

Renie du Plessis het 'n slegte val gehad en daar is ‘n moontlikheid van bloeding op die brein. Sy is in Rusoord. Bid asb. vir haar herstel.

Lillian Strydom se seun, Jacques Fourie, het ‘n suksesvolle heupvervanging gehad, nadat die vorige operasie ongedaan gemaak is deur ‘n kiem.

Hennetjie Mostert is in Wilgers hospitaal. Sy het komplikasies gehad en ontvang tans behandeling in 'n suurstoftent.

Ons dank die Vader vir Sy genade nadat Daleen Pienaar se dogter, Helen, in Tunisia weggekom het van ‘n terroriste-aanval en betyds was om op ‘n boot wat aan wal was, te kon skuil. Bid asb. vir haar veiligheid.

# *Die Aankondiger ! Omgeekerk*

# *Kantoor telefoon nr.: 012 664 6695*

## *EREDIENS: 22 Maart 2015 om 9:00*

**Prediker:** ***Ds. Gideon du Toit***

**Tema:** ***“Na-apers of navolgers van Jesus”***

**Skriflesing:** ***Fil. 2:5-11***

**Liedere:** **158:1-3; 199:1-3; 238:1-4; 265:1,2; 365:1-3**

Omgeekerk
Lyttelton-Noord
Ons Reik Uit Na Elkeen!

**Jeug:** ***18:00*** **Rusoord:** ***16:45***

### GEDAGTE VIR DIE WEEK

Die Goeie Herder, Jesus, het Sy lewe vir my afgelê

### GEBEDSVERSOEKE

Die kruisiging was ‘n geweldige liggaamlike en geestelike foltering. Jesus het uitgeroep: Ek het dors (Joh. 19:28). Maar dit was Sy keuse om end-uit die prys te betaal en Sy lewe uit Sy eie af te lê. Sy woorde was: Niemand neem dit van My af nie, maar Ek lê dit uit My eie af. Ek het volmag om dit af te lê en Ek het die volmag om dit weer op te neem (Joh. 10:18). Hy het gekom sodat ons die lewe kan hê, en dit in oorvloed.

Dié blye boodskap moet steeds aan mense wêreldwyd verkondig word. Ons bid vir seën op die Passiespele in Oberammergau, asook in die Oos-Kaap. Mag mense opnuut tot persoonlike oorgawe aan Jesus as Verlosser, kom.

Ons harte gaan uit na gelowiges wat gewelddadige vervolging deurstaan ter wille van hulle geloof. Laat ons gedurig in voorbidding aan hulle en hulle gesinne dink. Ons bid ook vir ‘n uitreik van ‘n Suid-Afrikaanse span na Egipte.

Laat ons die Here dank vir die vryheid om ons godsdiens te beoefen, asook om vrymoedig Bybels te kan verskaf aan mense wat dit nodig het.

## *ONS WAARDES Lê OPGESLUIT IN EFESIëRS 4: 1 - 3*

*Laat julle roeping julle leefstyl bepaal. Met totale beskeidenheid en sagmoedigheid, met geduld moet julle mekaar in liefde verdra. Deur in vrede met mekaar te lewe, moet julle die eenheid wat die Gees bewerk het, bewaar.*

# Kennisgewingbord

**Kerkkantoor telefoonnommer : 012 664 6695**

***Deurkollekte* : Instandhouding**

***Bruingeld vir Sending:*** vanaf 21/11/2012 is al **R9636** ingesamel. Mooi so!

### *BYBELS*

Marina Cox (opvolger van wyle Ds. Koos Beukes) van Evangelisasie - VGK is opsoek na ou Bybels, enige taal en grootte. Dit kan by die kantoor ingehandig word.

### *Bybelprojek*

***Nuwe Bybels*** is beskikbaar in die kombuis-area. Indien u 'n Bybel in 'n Afrika-taal (R40) of Engels (R35) benodig, bestel asb. vandag nog in die kombuis area of skakel Annetta by 012 6404008 / 076 293 2125

**DIE KLAAGLIEDERE VAN DS TIENIE BENADE, soos vertolk deur FRANK OPPERMAN, wenner van die Fiësta Prys vir Beste Eenman Vertoning. Geskryf deur Dana Snyman.**

| | |
|---|---|
| **DATUM:** | **VRYDAG, 17 APRIL 2015** |
| **PLEK:** | **OUDITORIUM PIERRE VAN RYNEVELD** |
| **GEMEENSKAPSKERK** | **BALTIMORESTRAAT 14, PIERRE VAN RYNEVELD** |
| **TYD:** | **19h00** |
| **KOSTE:** | **R120 per volwassene; R80 per kind, 12 jaar en jonger** |
| **KAARTJIES BESKIKBAAR BY:** | **Kerkkantoor - Tel 012 6621708** |
| | **Heléne - Tel 012 6621366 / 0823779385** |

### *NUWE LIDMATE*

**Baie welkom aan ons nuwe lidmate wie se Bewys van Lidmaatskap ontvang is.**

Maartin Aubrey Odendaal van Doornkloof
Ruben Odendaal van Doornkloof
Marthinus Gerhardus Odendaal van Doornkloof
René Odendaal gebore Strydom van Doornkloof

### CMR

Ons soek 'n vrywilliger wat 'n tafel sal neem vir die CMR se hoed-en-kolwyntjie oggend wat hulle op 9 Mei in die Lyttelton-Oos Kerksaal aanbied. Die vrywilliger moet bereid wees om 10 kaartjies te verkoop vir die geleentheid. Skakel asb vir Jansie 073-179-3295 indien u kan help. By voorbaat dankie vir u oorweging.

### *BYBELSTUDIEGROEPE :*

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Maandag | 15:00 | Parkdal | Dinsdag | 09:00 | Noorde |
| | | | | 10:00 | La Vie |
| Woensdag | 09:00 | Parkrand | Donderdag | 09:00 | Dienssentrum |
| | 10:00 | Tiny Krige | | 10:00 | La Borie |
| | 10:00 | Lofdal | | 11:00 | Protea |

**Omgee-Manne:** Saterdagoggend om 6:30 by die kerk

### Baie geluk aan almal wat verjaar 22 - 28 Maart

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Morné | Van Heerden | 03/22 | | 27837334793 |
| Salome | Botha | 03/23 | | 27845040254 |
| Denise | Dreyer | 03/23 | 664 6554 | |
| Denise | Kruger | 03/23 | | 0820929948 |
| Pierre | Muller | 03/23 | 664 2779 | 27725869736 |
| Charlene | Grimsehl | 03/25 | 0848430854 | 27825411224 |
| Frances | De Villiers | 03/26 | 664 3793 | 27822959982 |
| Sakkie | Hattingh | 03/26 | 664 6687 | 27832733412 |
| Este | Myburgh | 03/26 | | 27845609118 |
| Elize | Dreyer | 03/27 | 664 6554 | |
| Annie | Ferreira | 03/27 | | 27828296656 |
| Hennie | Weideman | 03/27 | 664 1930 | |
| Daan | Conradie | 03/28 | | 27823392699 |
| Ans | Du Toit | 03/28 | | 27827812399 |
| Betsie | Du Toit | 03/28 | 664 4322 | |
| Alet | Goosen | 03/28 | 0126640370 | 27722275344 |
| Marcel | Moore | 03/28 | 664 3953 | |
| Barbie | Santos | 03/28 | | 27719392404 |
| Connie | Van Heerden | 03/28 | | 27832889585 |
| Brigitte | Weideman | 03/28 | 664 1930 | |

### *HUIS GIDEON PLEEGHUIS*

René Odendaal (huismoeder) doen 'n beroep op die gemeente om betrokke te raak by die pleeghuis. Daar is ook n behoefte aan kos. Indien u belangstel om betrokke te raak, skakel haar asseblief by 012 6642199 / 0795143290

### *Net weer ons bank besonderhede indien u dit benodig:*

**NG Lyttelton-Noord. Absa Bank**

**Reknr: 600590243, Tak: 335045**